# Covid-19-REËLS VIR JUNIE 2021 ASSESSERINGS MET TOESIGHOUDING BY ASSESSERINGLOKALE OP DIE US-HOOFKAMPUS

**1. PROTOKOL VIR STUDENTE BY DIE ASSESSERINGLOKALE Datum: Junie 2021**

Hierdie reëls is spesifiek van toepassing op Covid-19-protokolle en -vereistes soos gevind in die regulatoriese maatreëls en Universiteitsreëls en addisioneel tot gewone reëls van toepassing op eksamens en toetse (assesserings).

1.1 **ALGEMENE REËLS**

1.1.1 Dra altyd ŉ masker wat jou mond en jou neus bedek (ons aanvaar nie ŉ "buff" of plastiekgesigskerm/"face shield" as ŉ voldoende masker vir assesserings nie) vir die volle duurte van jou assesseringsessie. Indien jy nie hieraan voldoen nie, sal jy een maal gewaarsku word om jou masker te verstel / korrek op te sit. Indien jou nienakoming voortduur, sal die senior toesighouer of sekuriteit jou vra om die perseel onmiddellik te verlaat ongeag of jy die assessering voltooi het al dan nie.

1.1.2 Geen student sal binne die gebou en die assesseringlokaal toegelaat word sonder ŉ masker wat beide sy of haar neus en mond bedek nie.

1.1.3 Behou ŉ veilige fisiese afstand (1,5m) ten alle tye – selfs voordat jy die lokaal binnekom.

1.1.4 Maak seker dat jy self jou daaglikse gesondheidstoets korrek en met integriteit voltooi voordat jy jou tuiste verlaat. Neem kennis dat dit ŉ vereiste is vir elke assesseringsessie.

1.1.5 Jy kan slegs die volgende opsie, wat datavry (*zero-rated*) is, gebruik vir jou daaglikse gesondheidstoets:

- *Higher Health Check*: **https://healthcheck.higherhealth.ac.za**

1.1.6 Om vertragings met die aanvangstyd van assessering uit te skakel, sorg dat jy ŉ skermgreep van jou status gereed het met jou aankoms by die ingang van die gebou. Vertoon jou **Health Check**-skermgreep aan die sekuriteitswag by die ingang van die gebou en aan die toesighouer by die ingang van die assesseringlokaal.

1.1.7 ŉ Groen/laerisikostatus word vereis vir toegang tot die assesseringlokaal. Indien jy die gesondheidstoets voltooi en nie ŉ groen/laerisikostatus bekom nie, moenie na kampus reis / die gebou betree nie en kontak jou dosent en Kampusgesondheidsdienste (021 808 3496 of, na ure, 076 431 0305).

1.1.8 Studente met ŉ status wat ŉ ander kleur is en siek studente **sal nie in die assesseringlokaal toegelaat word nie en sal dus nie assessering kan skryf nie. Ons maak staat op jou integriteit en eerlikheid om sosiale solidariteit te bevorder. Indien jy enige simptome het, kontak Kampusgesondheidsdienste voordat jy jou woning verlaat.**

1.1.9 Indien jy ŉ groen / laerisikostatus ontvang, daag ongeveer 40 minute voor die aanvang van die assesseringsessie by die vasgestelde gebou op. Moet asseblief nie voor die gebou vergader nie.

1.1.10 Die inligting oor die Junie 2021 lokale op die hoofkampus sal op die studenteportaal gepubliseer word vir studente se aandag.

1.1.11 Geen addisionele tyd sal toegestaan word as jy na die aanvang van die assessering by die lokaal opdaag nie, **ongeag die rede.**

**2. BUITE DIE ASSESSERINGLOKAAL**

2.1 Met jou aankoms by die assesseringlokaal, beweeg asseblief na die tafel buite die assesseringlokaal se ingang om die Covid-19-register in te vul. Gebruik jou eie pen hiervoor.

2.2 Behou ’n veilige fisiese afstand (1,5m) vanaf ander persone buite die gebou en die lokaal.
2.3 Volg die versperrings vir ’n veilige fisieseafstandhandhawing wat duidelik aangebring is op die vloer buite die lokaal. Indien jy nie ’n opdrag deur ’n beampte, sekuriteitswag of toesighouer om 1,5m te handhaaf nakom nie, sal jy versoek word om die perseel te verlaat en sal jy nie toegelaat word om die assessering te skryf nie.

## 3. TOEGANG TOT DIE ASSESSERINGLOKAAL

3.1 Daar sal slegs een ingang tot die assesseringlokaal wees. Betree slegs die lokaal indien jy geen simptome het nie
3.2 Jy moet jou groen **Health Check**-skermgreep en jou studentekaart gereed hê.
3.3 Beweeg tot by die ingang van die lokaal waar jy jou groen **Health Check**-paspoort vir die toesighouer moet vertoon. Neem vooraf ’n skermgreep hiervan.
3.4 ’n Toesighouer sal ontsmettingsmiddel aan jou verskaf sodat jy jou hande kan ontsmet en ook vir jou toegang gee tot die lokaal via selfoontegnologie.
3.5 Vertoon jou studentekaart om teen die selfoon geskandeer te word vir toegang tot al die Junie 2021 eksamenlokale op die hoofkampus.
3.6 Sodra jy in die lokaal is, sal die senior toesighouer jou sitplek in die lokaal vir jou aandui.
3.7 Studente moet die sitplekke van agter af ordelik opvul (gewoonlik vanaf die laaste sitplek in ’n ry teenaan die muur in meeste lokale).
3.8 Stap in ’n enkelgelid en in een rigting na jou geallokeerde sitplek toe.
3.9 Gaan sit by ’n duidelik gemerkte sitplek. Die sitreëlings maak voorsiening vir 2 oop sitplekke tussen studente in ’n spesifieke ry met leë rye voor en agter jou. Rekenaar-gebaseerde assesseringlokale se sitplekreëlings maak voorsiening vir ’n veilige 1.5 m fisiese afstand tussen studente asook genoegsame spasie vir toesighouers om veilig tussendeur studente te loop indien nodig.)
3.10 Indien jy nie ag slaan op ’n versoek om na ’n geallokeerde sitplek te skuif nie, sal jy versoek word om die perseel te verlaat en nie toegelaat word om die assessering te voltooi nie.

## 4. VOOR DIE AANVANG VAN DIE ASSESSERINGSESSIE

4.1 Offisiële gestandaardiseerde afkondigings sal een keer voor die aanvang van die assesseringsessie deur die senior toesighouers gemaak word en die volgende insluit:
   4.1.1 Jy moet jou masker ten alle tye vir die duur van die assessering dra sodat dit jou neus en mond bedek.
   4.1.2 Indien jy enige van die Covid-19-protokolle nie volg tydens die duur van die assessering nie, mag jy deur die opsigter/beampte versoek word om die perseel te verlaat ongeag of jy jou assessering voltooi het al dan nie.
   4.1.3 Alle selfone en elektroniese tegnologie moet afgeskakel word en gesig ondertoe op jou lessenaar geplaas word vir geskrewe assesserings (óf anders gespesifiseer deur die dosente vir assesserings geskeduleer in rekenaar-gebaseerde assesseringlokale). Jy mag nie enige oorfone of oorpluisies gedurende die assessering dra nie.
   4.1.4 Dit is ’n vereiste dat jy jou ekstraskryftydbrief toon as bewys vir jou ekstra skryftyd (slegs van toepassing vir ekstraskryftydstudente in hierdie lokale).
4.2 Vraestelle en antwoordboeke met naamstrokies sal deur die toesighouers aan jou uitgedeel word. Toesighouers sal gereeld hul hande ontsmet.
4.3 Jy moet jou vergewis van die reëls op die agterblad van die antwoordboek.
4.4 Moenie die vraestel begin lees óf selfs begin skryf totdat jy die instruksie vanaf die senior toesighouer ontvang het om te begin nie.

4.5 Jy moet jou naamstrokie invul om jou teenwoordigheid binne die lokaal te bevestig en jy moet ook jou sitpleknommer daarop aanbring. Dui jou sitpleknommer, wat op jou lessenaar aangebring is, duidelik aan op jou naamstrokie en jou antwoordboeke. Die naamstrokies sal binne die eerste 15 minute van die assesseringsessie ingeneem word. Die senior toesighouer sal jou sitpleknommer, vanaf die naamstrokie deur jou ingegee, ooreenkomstig teenoor jou naam op die register aanbring. Die register sal na die afloop van die assesseringsessie aan die Eksamenkantoor (vir eksamens)/ departemente (vir toetse) oorhandig word vir liassering vir potensiële Covid-19-opsporingdoeleindes. Jy sal slegs gekontak word indien jy langs, voor of agter ʼn student wat positief getoets is gesit het.

4.6 Jy word herinner om die betrokke dosent in te lig as jy siek voel of simptome 48 uur na die afloop van die assesseringsessie toon, sodat kampusbeamptes by Kampusgesondheidsdienste die registers vanaf die Eksamenkantoor (vir eksamens)/ departemente (vir toetse) kan aanvra vir die nodige nabykontak-opsporings.

4.7 Indien jy siek raak of siek voorkom, insluitende voortdurende hoes of enige verkoue of griepsimptome, diarree of braking gedurende ʼn assesseringsessie toon, sal die aangewese kampuspersoon (Covid-19 nakomingsbeampte per gebou) in kennis gestel word en jou na die aangewese institusionele isolasiekamer in die gebou vergesel of vir jou na jou koshuis toe stuur. Jy sal dan nie jou vraestel kan voltooi nie. Jy sal Kampusgesondheidsdienste (021 808 3496 of, na ure, 076 431 0305) of jou persoonlike algemene praktisyn moet kontak vir verdere bestuur.

## 5. GEDURENDE DIE ASSESSERINGSESSIE

5.1 Studente moet sélf ekstra antwoordboeke (pienk) uit ʼn boks, wat deur die toesighouer verskaf sal word, selekteer. Lig jou hand op as jy ʼn addisionele boek tydens die assesseringsessie benodig.

5.2 Toesighouers sal hulle beweging deur die lokaal beperk. Een toesighouer sal altyd agter en een toesighouer altyd voor in die lokaal sigbaar wees om aktief vanuit hulle posisies toesig oor die studente te hou.

5.3 Indien jy gedurende die eksamen die kleedkamer moet gebruik, sal ʼn toesighouer jou tot by die deur van die toilet vergesel. Daar is ʼn beperkte aantal toesighouers per lokaal en daarom sal daar van studente vereis word om geduldig te wees terwyl hulle hul beurte af te wag indien hulle die kleedkamer wil gebruik. Jy word egter herinner om die kleedkamers te besoek **voor die aanvang van die sessie** om beweging tydens die assessering te beperk. Wanneer jy terugkeer na die lokaal, sal jy weer jou hande moet ontsmet.

5.4 Studente mag slegs die assesseringsessie na 45 minute van skryftyd verlaat (of selfs langer soos aangedui deur dosente). Jy moet kontak met medestudente wat nog skryf vermy wanneer jy die lokaal verlaat en ekstra sorg aan die dag lê wanneer jy opstaan en tussen studente probeer deurbeweeg, aangeseg die ingeperkte sitreëlings dit maklik maak om onopsetlik teen ʼn ander student te skuur.

## 6. AAN DIE EINDE VAN DIE ASSESSERINGSESSIE

6.1 Aankondigings sal deur die senior toesighouer gemaak word om die einde van die assesseringsessie aan te wys.

6.2 Begin by ry een en beweeg ry vir ry na voor en wag asseblief jou beurt af om jou antwoordboeke in te handig. Jy moet jou antwoordboeke (plaas alle addisionele pienk boeke wat duidelik genommer is, binne die groen/geel antwoordboek) binne-in die aangewese boks op die tafel voor in die lokaal plaas**.**

6.3 Stap in enkelgelid en hou ʼn veilige afstand (minstens 1,5m) tussen jou en jou medestudente. Moenie jou antwoordboeke aan die toesighouers oorhandig nie. Toesighouers mag nie jou antwoordboeke inneem nie.

6.4 Moenie enigiets in die lokaal agterlaat nie, omdat hierdie artikels weens higiëniese redes weggegooi sal word.

6.5 Moenie jou selfoon/toestelle aanskakel terwyl jy nog in die assesseringlokaal is óf nog steeds in besit is van jou antwoordboeke nie.

**7. NIENAKOMING VAN DIE REËLS**


7.1 Indien jy weier of nalaat om aan enige van hierdie reëls of ʼn instruksie te voldoen voor, tydens of na afloop van die assesseingsessie, sal jy een maal ʼn waarskuwing vanaf ʼn toesighouer/sekuriteitsbeampte ontvang.

7.2 Indien jy volhou met die gedrag/optrede en nie ag slaan op die waarskuwing/instruksie nie, sal jy ʼn instruksie ontvang om die perseel te verlaat selfs al het jy nog nie jou assesseing voltooi nie.

7.3 Indien jy nie op ʼn instruksie deur ʼn toesighouer of sekuriteitsbeampte ag slaan nie, sal jy verwyder word vanaf die perseel en sal jou optrede by Studentedissipline aangemeld word.

7.4 Indien jy aan die begin van die assessering ʼn groen / laerisikouitslag op jou Higher Health-toep wys, maar tydens die assessering duidelike simptome (sien paragraaf 4.7 vir ʼn lys van simptome) toon, sal jy nie die assessering kan voltooi nie en ʼn instruksie ontvang om die perseel te verlaat en Kampusgesondheidsdienste te skakel.

**MAAK JOUSELF ASSEBLIEF VERTROUD MET DIE REËLS OP DIE AGTERKANT VAN DIE ASSESSERINGANTWOORDBOEK.**



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918 · 2018

*forward together · saam vorentoe · masiye phambili*

***RULES AND INSTRUCTIONS FOR EXAMINATIONS***
**REËLS EN VOORSKRIFTE VIR EKSAMENS**

Please read the following rules and instructions for examinations, and then sign the declaration to the right of this page:

1. You must answer all questions in ink.
2. Read the instructions on your question paper.
3. Communication between candidates in the examination venue is not allowed.
4. Supporting material (including blank paper, books, notes, calculators and other electronic equipment) is not allowed into the examination venue, unless the use of particular items is expressly allowed or prescribed.
5. Cell phones must be switched off and wrist watches (including any health devices e.g Fitbit) must be removed and placed in a clear plastic bag face down, in front of you on the desk for the entire duration of the examination session.
6. You are not permitted to read or copy any answer or part of any answer that another student has written in his/her answer book or on the question paper.
7. You are not permitted to remove parts of answer books.
8. Complete in full the front and back cover of each answer book that you use.
9. If you use more than one answer book, place the second and further books inside the first one when you hand in.
10. All answer books issued to you must be handed to an invigilator before you leave the examination venue.
11. No extra time will be allowed if you arrive late.
12. You are not allowed to leave the examination venue within the first 45 minutes of the examination session.

Lees asseblief die volgende reëls en voorskrifte vir eksamens, en teken dan die verklaring regs op hierdie blad:

1. Jy moet alle vrae in ink beantwoord.
2. Lees die instruksies op jou vraestel.
3. Kommunikasie tussen kandidate in die eksamenlokaal word nie toegelaat nie.
4. Hulpmiddels (insluitende blanko papier, boeke, notas, sakrekenaars en ander elektroniese apparate) word nie in die eksamenlokaal toegelaat nie, tensy die gebruik van spesifieke items uitdruklik toegelaat of voorgeskryf word.
5. Selfone moet afgeskakel word en polshorlosies (met inbegrip van gesondheids-toestelle, bv. Fitbit) moet afgehaal word en in 'n deursigtige plastieksak met die gesig na onder, voor jou op die lessenaar geplaas word, vir die volle duur van die eksamensessie.
6. Jy mag nie die antwoord of 'n gedeelte van die antwoord wat 'n ander student in sy/haar antwoordboek óf op die vraestel geskryf het, lees óf afskryf nie.
7. Jy mag nie dele van antwoordboeke verwyder nie.
8. Vul die voorblad en agterblad van elke antwoordboek wat jy gebruik, ten volle in.
9. As jy meer as een antwoordboek gebruik, plaas die tweede en verdere boeke binne die eerste boek wanneer jy inlewer.
10. Alle antwoordboeke wat aan jou uitgereik is, moet aan 'n toesighouer oorhandig word voordat jy die eksamenlokaal verlaat.
11. Ekstra tyd word nie toegestaan as jy laat kom nie.
12. Jy word nie toegelaat om die eksamenlokaal binne die eerste 45-minute van die eksamensessie te verlaat nie.

## Beheer die verspreiding van Covid-19

Personeel, studente en besoekers aan die US word versoek om die volgende voorkomende maatreëls teen alle patogene te tref:



**Was jou hande gereeld met seep en water**



**Gebruik handontsmettingsmiddel (handreiniger) met 'n minimum alkohol-inhoud van 70%**



**Bly tuis indien jy siek voel**



**Bedek jou mond met 'n stuk materiaal of jou elmboog wanneer jy hoes of nies**



**Vermy nabye kontak met enigiemand wat siek is**



**Ontsmet voorwerpe en oppervlaktes waaraan daar gereeld gevat word**

**Behou 'n veilige fisiese afstand (1,5 m) van ander ten alle tye**